

# DISSIPELSKAP. LES 22

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] ROMEINE 5 - 8
---	------------------	------------------------------

**Maak beurte** en **deel/vertel kortliks** (of lees van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes (Romeine 5 - 8). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute)	[DIE NUWE LEWE IN CHRISTUS] MATTEUS 10:32
---	--------------------------	--

## A. MEDITASIE (oor 'n Bybelgedeelte)

Skryf die memoriseringsvers as volg op diet bord. Skryf die teksverwysing ook aan die onderkant en agterkant van jou memoriseringskaartjie.

(5)

Getuig Matteus 10:32
Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is. Matteus 10:32

Matteus 10:32
---------------

Jesus het hierdie woorde vir sy twaalf dissipels gesê toe Hy hulle beveel het om uit te gaan en die boodskap van die Koninkryk van God te verkondig (Matteus 10:5-10). Ten spyte van die feit dat die dissipels van Jesus Christus teenstand sal ervaar teen hulle boodskap en die manier waarop hulle as Christene leef, moet hulle nogtans die boodskap onverskrokke verkondig. Jesus gee vir hulle vier redes waarom hulle dit sonder vrees kan doen.

1. Jy kan 'n onverskrokke getuie vir Jesus Christus wees, omdat jou vyande nie kan verhinder dat hulle openlik beskaam sal word en jy openlik in die gelyk gestel gaan word nie.

**Lees** Matteus 10:26-27. Die vyande kan nie voorkom dat hulle vyandige teenstand, vervolging en moord van Christene eenmaal openlik aan die lig sal kom nie! By die laaste oordeelsdag sal hierdie vyande van Christus en van Christene beskaam word in die teenwoordigheid van alle mense wat ooit op aarde geleef het! Die Bybel sê dat God elke daad sal oordeel, ook die verborge dade (Prediker 12:14).

En die vyande kan nie voorkom dat die dissipels eenmaal openlik in die gelyk gestel gaan word nie! By die laaste oordeelsdag sal Christus en sy dissipels voor alle mense wat ooit op aarde geleef het, geëer word (Matteus 16:27).

Daarom hoef Christene nie bang te wees nie en kan hulle die boodskap van die Koninkryk (koningskap) van God openlik, vrymoedig en moedig verkondig.

2. Jy kan 'n onverskrokke getuie vir Jesus Christus wees, omdat jou vyande net jou liggaam, en beslis nie jou siel (gees), kan doodmaak nie.

**Lees** Matteus 10:28. Wat jou vyande ook sou wou doen, één ding kan hulle nooit doen nie en dit is om jou siel (gees) dood te maak! Jou liggaam is wel die materiële en sigbare deel van jou wese, maar jou siel (gees) is die onstoflike en onsigbare deel van jou wese. By die wederkoms van Christus sal jou sterflike liggaam onsterflik uit die dood opstaan.

3. Jy kan 'n onverskrokke getuie vir Jesus Christus wees, omdat jou vyande God se wil en sy liefdevolle sorg vir jou nie ongedaan kan maak nie.

**Lees** Matteus 10:29-31. Dis waar dat jy, net soos 'n mossie, ook eenmaal moet sterf. Maar God hou wag oor elke mossie op aarde, selfs al is hulle bykans niks werd nie. Hoeveel te meer sal God dan nie oor jou waghou wat baie meer

werd is as duisende mossies? God het beloop dat Hy oor jou lewe en werk sal waghoe. Alles wat op aarde gebeur, gebeur onder die wakende oog van God en gebeur alleen as Hy besluit het dat dit gebeur of sy toestemming gegee het dat dit gebeur. “Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is” (Romeine 8:28).

4. Jy kan 'n onverskrokke getuie vir Jesus Christus wees, omdat Jesus Christus jou dan sal erken voor God die Vader.

**Lees** Matteus 10:32-33. “Openlik vir My uit te spreek” (bely, AOV) beteken om vir ander mense van Jesus te vertel. Dit beteken dat jy jou nooit vir Jesus Christus skaam as jy by ander mense van die wêreld of selfs by vyande is nie (Markus 8:34-38). By die laaste oordeel sal Jesus Christus “openlik sê” dat jy aan Hom behoort en vir Hom geleef het op aarde (Matteus 25:34-36).

**B. MEMORISERING EN HERSIENING**

1. **Skryf** die Bybelversers op 'n skoon kaartjie of op 'n bladsy van jou klein notaboekie.
2. **Memoriseer** die Bybelversers op die regte manier. (5) Getuig. Matteus 10:32.
3. **Repeteer**. Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste Bybelverse vir memorisering na.

4	BYBELSTUDIE (70 minute) <span style="color: blue;">[VERHOUDINGS]</span> <span style="color: blue;">VERHOUDING TUSSEN OUERS EN KINDERS. EFESIËRS 6:1-4</span>
---	---

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit Efesiërs 6:1-4.

<b>STAP 1. LEES.</b>	<b>GOD SE WOORD</b>
<b>Lees.</b> KOM ONS LEES Efesiërs 6:1-4 saam. Lees elkeen een versie totdat die hele gedeelte klaar gelees is.	

<b>STAP 2. ONTDEK.</b>	<b>WAARNEMINGS</b>
<b>Oorweeg.</b> WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK? Of WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART? <b>Teken aan.</b> Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek. <b>Deel.</b> (Nadat die groeplede omtrent twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen 'n kans om met die ander te deel. (Die volgende is voorbeelde van ontdekkings wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie.)	

6:1

Ontdekking 1. Kinders wat Christene is moet hulle ouers gehoorsaam.

“Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis” (Efesiërs 6:1). Beteken dit dat kinders alleen hulle ouers moet gehoorsaam as hulle ouers Christene (d.w.s. “in die Here” vgl. AOV) is? Nee. Kinders moet aan hulle ouers gehoorsaam wees omdat hulle, die kinders, self Christene is of ontsag vir Jesus Christus het. Al sou baie nie-Christen kinders aan hulle ouers ongehoorsaam wees, moet Christen kinders hulle ouers gehoorsaam wees, of hulle ouers nou Christene is of nie, (behalwe as ouers eis dat die kinders dinge moet doen wat teen God se gebooe en die onderrig in die Bybel is). Hulle moet dit dus ook doen selfs as hulle ouers onbedagsaam of onbillik is.

6:4

Ontdekking 2. Christenvaders moet nie hulle kinders moedeloos of verbitterd maak nie.

“Vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.” Terwyl kinders verplig is om hulle ouers te gehoorsaam, is ouers verplig om hulle kinders te bemoedig. Kolossense 3:21 sê, “Vaders, moenie gedurig by julle kinders fout soek nie dat hulle moedeloos word nie.” Kinders word gou moedeloos of verbitterd as hulle net altyd hoor wat verkeerd is en nooit wat hulle reg doen nie. Omdat ek kinders het, is die heel belangrikste dat ek hulle voortdurend sal bemoedig en waardeer. Alhoewel hulle nie volmaak is nie, moet ek nie dinge sê of doen wat hulle gees gaan breek nie. Ek het besluit om 'n pa te wees wat sy kinders bemoedig! “Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het: soos 'n pa sy kinders het ons julle elkeen bemoedig en aangespoor en dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe, Hy wat julle roep om in sy koninkryk in te gaan en so aan sy heerlikheid deel te hê” (1 Tessalonisense 2:11-12).

<b>STAP 3. VRA.</b>	<b>UITLEG</b>
<b>Oorweeg.</b> WATTER VRAAG OOR ENIGE IETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA? Kom ons probeer al die waarhede in Efesiërs 6:1-4 verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie.	

**Teken aan.** Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek.

**Deel.** (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om te dink en skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.)

**Bespreek.** (Kies dan 'n paar van hierdie vrae en probeer hulle beantwoord deur hulle saam in die groep te bespreek.)  
(Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente vra en notas oor die bespreking van die vrae.)

6:1

Vraag 1. Tot op watter ouderdom moet kinders hulle ouers gehoorsaam?

**Aantekeninge.** Dis 'n belangrike vraag, omdat dit die kern van 'n aantal kulture in die wêreld raak. In sommige kulture in die wêreld is kinders verplig om hulle ouers hulle hele lewe lank en onder alle omstandighede te gehoorsaam! Totdat die ouers sterf het hulle absolute gesag oor hulle kinders. In een so 'n kultuur moet burgers hulle aan die absolute gesag van die owerheid onderwerp; moet studente hulle aan die absolute gesag van hulle onderwyser/leerkrag onderwerp; en moet kinders hulle aan die absolute gesag van hulle ouers onderwerp.

Kom ons kyk vir eers na die voorbeeld van Jesus Christus Self. Toe Hy nog 'n kind was, was Hy gehoorsaam aan sy ouers op aarde (Lukas 2:41-52). Maar toe Hy volwasse geword het en met sy lewenstaak begin het, was Hy nie langer gehoorsaam aan sy moeder of familie nie en het Hy nie verplig gevoel om aan hulle wense te voldoen nie (Markus 3:31-35). Hy was 'n volwassene met 'n onafhanklike lewenstaak.

Daarom leer die Bybel ook nie dat kinders hulle hele lewe lank en onder alle omstandighede hulle ouers moet gehoorsaam nie. Hulle moet hulle ouers slegs gehoorsaam solank as wat hulle nog 'kinders' is, d.w.s. minderjarig, onvolwasse en afhanklik van hulle ouers. Volwassenheid begin as die kinders hulle ouers en ouerhuis verlaat, of as hulle nie langer afhanklik van hulle ouers is nie of as hulle gaan trou. Dus, gehoorsaamheid aan ouers het 'n tydsbeperkings! Kinders moet hulle ouers gehoorsaam totdat hulle volwassenes geword het.

6:2

Vraag 2. Wat is praktiese maniere om jou ouers te eer?

**Aantekeninge.** Hoewel kinders hulle ouers alleen moet gehoorsaam as hulle nog minderjarig is, moet hulle hul ouers altyd eer, ook as hulle meerderjarig (bo 21 jaar) is! "Eer" beteken: 'n hoë dunk van iemand hê, aandag aan iemand skenk, en iemand sonder vrees, teensin of selfsug liefhê. Hier volg vyf praktiese voorbeelde hoe om jou eie ouers, jou skoonouers en jou hemelse Vader te eer.

(1) Eer jou ouers deur nie teen te praat en nie met hulle te twis nie.

Jy minag jou ouers as jy met hulle twis oor dinge wat geen egte geestelike betekenis het nie. Byvoorbeeld, moenie met hulle twis oor watter klere gepas is om te dra nie, oor watter televisieprogram om te kyk, of oor wie die skottelgoed moet was nie. Deur met jou ouers te argumenteer sê jy aan jou ouers dat hulle standpunt belaglik is.

Hoe eer jy jou ouers op 'n positiewe manier? Stel jou saak of standpunt op 'n vriendelike manier en laat God die saak dan verder uitwerk soos wat Hy dit wil. Dit bewys dat jy glo dat God in beheer is van elke situasie. En dit toon dat jy glo dat Hy besig is om tot stand te bring wat vir jou die beste is.

(2) Eer jou ouers deur hulle voorstelle en advies ernstig te oorweeg.

Jy minag jou ouers as jy nie eers na hulle advies wil luister nie.

Hoe eer jy jou ouers op 'n positiewe manier? Luister na hulle advies en leer van hulle insig in sake. Terwyl jy nog die kans het, leer van hulle jare lange ervaring en wysheid wat hulle opgebou het. Leer veral dinge op die gebied van hulle sterkpunte, hulle talente, vaardighede, kennis en "praktiese kennis".

(3) Eer jou ouers deur hulle in jou gewone lewe te betrek.

Jy minag jou ouers as jy hulle nie vertel wat jy dink, voel of doen nie. Sommige kinders antwoord hulle ouers se vrae met, "Goed" of "Soos altyd". Jy minag jou ouers wanneer jy hulle uitsluit uit jou planne en hulle geen kans gee om enige invloed op jou planne te hê nie. Jy minag jou ouers as jy nie toelaat dat hulle mag deel in jou plesier en pyn, of in jou vreugde en verdriet. As jy jou ouers uitsluit uit jou lewe, beslissings en keuses, sê jy vir hulle dat hulle nie waardig is om die pad saam met jou te stap nie!

Hoe eer jy jou ouers op 'n positiewe manier? Praat met jou ouers. Neem die inisiatief om met hulle te praat. Vertel hulle wat jy op skool en by jou werk doen, of wat jy saam met jou vriende of in die gemeente doen. Vertel vir hulle wat dit vir jou beteken om te glo; praat oor God en mense en die wêreld. Vertel hulle wat jou Christelike oortuigings is, wat jy dink, voel of doen. Betrek hulle by jou planne en besluite. Toon ontsag vir hulle insig, wysheid en ervaring. Vra hulle vir advies en voorstelle. Selfs al gaan jy 'n finale besluit neem wat téén hulle verlange in is, sal jy tog vir hulle die gevoel gee dat jy na hulle geluister het, hulle advies ernstig opgeneem het en hulle as persone waardeer.

(4) Eer jou ouers deur hulle te dien.

Jy minag jou ouers as jy hulle alleen dien wanneer hulle dit van jou vra. As jy van die veronderstelling uitgaan dat hulle die inisiatief moet neem om te vra, kan dit gebeur dat jy baie lank sal wag voordat jy gevra word om iets te doen.

Hoe eer jy jou ouers op 'n positiewe manier? Oefen jousef daarin om te kyk waar jy kan dien, waar iemand hulp nodig het, en of jy iets kan doen wat niemand anders wil of kan doen nie. Neem self die inisiatief om te dien en te help en moenie wag totdat jou ouers jou daarvoor vra nie.

(5) Eer jou ouers deur hulle lief te hê.

Jy doen jou ouers oneer aan as jy hulle alleen liefhet volgens gevestigde kulturele reëls, soos hulle minstens elke week op te soek, geskenke aan hulle te gee en uit te voer wat hulle van jou verlang.

Hoe eer jy jou ouers op 'n positiewe manier? Opregte Christelike liefde gaan veel verder as die vroomheid wat die kultuur van kinders vereis. Opregte Christelike liefde het geduld met die tekortkominge van jou ouers en vergewe die kwaad (of ongerief) wat hulle jou aangedoen het. As jy 'n Christen word, is jou nie-Christen ouers meestal bang dat die feit dat jy 'n Christen geword het op jou en ook op hulle 'n baie negatiewe uitwerking gaan hê. Hulle is bang dat jy slegter gaan studeer, dat jy geen goeie werk gaan kry nie, dat jy nie 'n sukses in die lewe sal wees nie, dat jy te min geld sal verdien en dus nie meer in staat sal wees om vir hulle op hulle oudag finansieel te ondersteun nie. Hulle vrees dat jy jou kultuur gaan verloor, hulle gode en godsdienstige leiers baie kwaad gaan maak en dat jy skande oor jou hele familie gaan bring. Daarom reageer hulle baie negatief op die feit dat jy 'n Christen geword het en in sommige gevalle begin hulle jou te vervolg en probeer selfs om jou dood te maak. Verduidelik aan hulle op 'n taktvolle manier wat die Christelike Geloof is en bewys aan hulle dat jy eintlik 'n meer verantwoordelike en liefdevolle mens geword het deur dit wat Jesus Christus vir jou gedoen het.

---

6:4

### Vraag 3. Hoe kan vaders hulle kinders bemoedig?

**Aantekeninge.** Sommige vaders maak hulle kinders op verskeie maniere moedeloos. Deur te let op die reaksie van kinders op wat die ouers doen of sê, kan jy vasstel watter dinge kinders moedeloos maak. Negatiewe reaksies is byvoorbeeld die volgende: kinders word geïrriteerd, boos, terneergedruk, onttrek hulle van kontak met ander huismense, of gee alle moed op. Soms gaan kinders met verkeerde vriende om, presteer nie meer op skool soos gewoonlik nie, begin rook, alkohol en verdowingsmiddels gebruik of raak verstriek in kriminele aktiwiteite. Hierdie gedrag is aanduidings dat die pa (en ma) op ander maniere met hulle kinders moet omgaan.

Hoe dra 'n pa respek oor aan sy kinders? Ek dink deur sy kinders te help om op drie terreine te ontwikkel naamlik verantwoordelikheid, eie oortuigings en volwasse verhoudings.

(1) Laat jou kinders leer om verantwoordelikheid vir hulle eie lewens te neem.

As jou doel sou wees om jou kinders tevrede te stel, sal jou kinders waarskynlik bedorwe brokkies wees en selfsugtig word en steeds meer toegee aan genotsug. Maar as jy hulle opvoed om toenemend op meer terreine van hulle lewe verantwoordelikheid te neem, sal hulle opgroei as verantwoordelike volwassenes! Daar is vier fases in die ontwikkeling van verantwoordelikheid:

- Gedurende **die eerste fase**

maak die ouers alle keuses en besluite vir hulle kinders. Die kind moet in hierdie fase leer om te gehoorsaam! Omdat die kind geneig is om te weier ("nee" te sê), is dit die beste om die kind 'n keuse tussen twee dinge te gee. Hy moet leer kies en ook leer dat sy keuses gevolge het! Hierdie fase is ter sprake as die kinders nog klein is. Hulle leer wat goed en sleg of wat reg en verkeerd is deur hulle eie keuses en beslissings. Wanneer kinders ouer word, moet jy die kinders steeds meer verantwoordelikhede gee.

- Gedurende **die tweede fase**

maak die ouers keuses en neem besluite saam met hulle kinders en voer dit ook saam uit. Hierdie fase is wanneer die kinders op laerskool is. Gee hulle veral 'n goeie voorbeeld van wat verwag word. Stel duidelike kwaliteit-standaarde en huisreëls op. Bedink verskillende sinvolle maniere om hulle te beloon vir goeie samewerking en mikpunte wat bereik word.

- Gedurende **die derde fase**

maak die kinders hulle eie keuses en besluite, maar hulle keuses en besluite moet deur die ouers goedgekeur word. (Indien die ouers se keuses en besluite verskil van die kinders se keuses sal goeie redelike verduidelikings aan die kinders gegee moet word). Die ouers hou toesig hoe die kinders met hulle keuses en besluite omgaan. Hierdie fase is wanneer die tieners in die hoërskool is. Hulle groter vryheid vereis ook groter verantwoordelikheid en hulle moet meer aan hulle ouers verantwoording doen oor wat hulle gedoen het. Belangrike terreine om verantwoordelikheid te leer is: skoolwerk, deelyds werk/beroep, familieverhoudings, selfbeheersing, hantering en spandering van geld, alleen reis, goeie vriende maak (ook met die teenoorgestelde geslag) en ontwikkeling van 'n persoonlike verhouding met God.

- Gedurende **die laaste fase**

doen die ouer tieners alles self. Hierdie fase is wanneer die kinders besig is om jong volwassenes te word. 'n Volwasse mens dra al sy verantwoordelikhede self en is daarvoor verantwoording verskuldig aan God en aan ander gesagsdraers in die lewe: die owerheid, die polisie, die dokters, hulle dosente, hulle werkgewers en hulle kerklike leiers). As ouer bly

jy altyd beskikbaar om raad en hulp te gee as die jong volwassenes daarvoor vra. Dit bly altyd die verantwoordelikheid van ouers om hulle kinders lief te hê, vir hulle te bid en met hulle om te gaan!

(2) Laat jou seuns en dogters leer om hulle eie oortuigings te ontwikkel.

Solank as wat ouers daarop aandring dat hulle kinders die oortuigings en menings van hulle ouers (leraars en geestelike leiers) blindelings moet volg, sal die kinders nooit hulle eie oortuigings en menings ontwikkel nie. Dan word hulle rebelle, loop weg of verbreek kontak met die ouers. Help daarom vir kinders, tieners en jong volwassenes om hulle eie gesonde menings en oortuigings, waardes en prioriteite te ontwikkel! Help hulle om hulle eie geloofsoortuiging op die Bybel te baseer en níé op die tradisies van volke en kerke of op die menings van ander mense nie! Alleen só kan hulle verantwoordelike volwassenes word.

Daar is drie stappe om eie oortuigings te ontwikkel:

- Die eerste stap. Laat die kind of tiener die waarheid in die Bybel self ontdek (Lukas 10:25-26).
- Die tweede stap. Laat die kind of tiener sy eie toepassing van die waarheid maak (Matteus 7:24-27).
- Die derde stap. Bespreek die gevolge van hulle toepassing met hulle.

Bv. Wat kleredrag betref het die Bybel twee beginsels:

- kleredrag moet moreel aanvaarbaar wees. d.w.s. nie ander tot sonde verlei nie (Matteus 18:7)
- en kleredrag moet kultureel aanvaarbaar wees en pas by die geleentheid (1 Korintiërs 10:23-24)

Hierdie twee beginsels vorm die grense vir hulle keuses – binne hierdie grense is die tiener vry om sy/haar eie keuse te maak. Maar die ouer het die reg om die gevolge van sy/haar keuse met hom te bespreek – bv. die invloed wat sy/haar keuse het op hom/haarself en op andere.

(3) Laat jou seuns en dogters leer om volwasse verhoudings te vorm.

Jou doel moenie wees dat jou seun of dogter *net onafhanklik* word nie, maar juis dat hy of sy 'n gesonde wedersydse afhanklikheid leer. Die Bybel plaas elke individu in 'n besondere gesin, in 'n bepaalde gemeenskap (omgewing), in een of ander christelike gemeente en in 'n bepaalde land met sy kultuur. Die wêreldbeeld van die Bybel bestaan nie uit individue wat elkeen sy eie ding doen nie (Rigters 21:25), maar uit persone binne gesinne, binne gemeenskappe, binne christelike gemeentes en binne 'n bepaalde land en kultuur. Elke persoon kan 'n unieke bydrae lewer aan andere. Daarom moet ouers hulle kinders (tieners en jong volwassenes) help om goeie vriende te maak, goed met mense uit verskillende lae van die samelewing om te gaan (ook met mense wat arm is, ongeletterd is, vreemdelinge is, gestremd is, ens.) en om gesonde verhoudings met persone van die teenoorgestelde geslag te ontwikkel.

---

6:4

#### Vraag 4. Hoe behoort Christenouers hulle kinders op te voed?

**Aantekeninge.** Die twee belangrikste verantwoordelikhede van 'n vader is om die moeder van die kinders lief te hê en om sy kinders op te voed (waarby hy bepaalde sake aan sy vrou mag delegeer)! Om 'n kind op te voed "met die tug en vermaning van die Here" (d.w.s. in ooreenstemming met wat in die Bybel geleer word) beteken: die waarhede van die Bybel bybring en die waarhede van die Bybel leer gehoorsaam. Opvoeding sluit bemoediging, dissipline en straf in. 'n Kind moet op twee belangrike gebiede gevorm word:

(1) Vorm jou kinders om goeie burgers van die wêreld te word.

Dit doen jy deur hulle op die volgende terreine te ontwikkel:

- Vorm die kind tot verstandelike, liggaamlike, emosionele, geestelike en sosiale volwassenheid (Lukas 2:52).
- Vorm jou kind om wys te word (Spreuke 23:22-25)
- Vorm jou kind om lief te hê (Johannes 15:12)

Gesonde gesinne is die boustene van 'n gesonde volk!

(2) Vorm jou kinders om goeie burgers in die Koninkryk van God te word.

- Leer jou kind om homself volledig oor te gee aan God soos wat Hy Homself in die Bybel geopenbaar het
- Leer die kind om onder alle omstandighede God te vertrou
- Leer die kind om God onvoorwaardelik te gehoorsaam
- Leer die kind om 'n regverdige en heilige lewe te lei
- Bo alles, leer die kind om God en ander mense lief te hê en homself te aanvaar

#### **STAP 4. DOEN.**

#### **TOEPASSINGS**

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?

**Deel en teken aan.** Kom ons hou 'n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van Efesiërs 6:1-4 neer.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?

**Teken aan.** Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.

(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van die dieselfde waarheid. Die volgende is a lys van moontlike toepassings.)

## 1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Efesiërs 6:1-4.

- 6:1. Vir minderjarige kinders. Gehoorsaam jou ouers in alles, behalwe as hulle eis dat jy dinge doen wat teen God se gebooe en die onderrig in die Bybel is.
- 6:2. Vir alle mense. Eer jou ouers, jou skoonouers en jou hemelse Vader onder alle omstandighede. Kies een gebied waarop jy hulle kan eer en ontwikkel daardie gebied vir 'n tyd.
- 6:4. Vir alle vaders. Moenie jou (minder- en meerderjarige) kinders ooit moedeloos en verbitterd maak nie.
- 6:4. Vir alle vaders van minderjarige kinders. Voed hulle op in die waarhede van die Bybel en in gehoorsaamheid aan hierdie waarhede.

## 2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Efesiërs 6:1-4.

Ek wil dit 'n lewensgewoonte maak om met my ouers te praat, raad van hulle te vra en van hulle wysheid en ervarings te leer. Ek maak wel my eie keuses en besluite, maar ek wil my ouers eer deur hulle raad en oorwegings ernstig op te neem.

Ek wil my kinders aanmoedig en veral aanspoor tot eie verantwoordelikheid, eie oortuigings, volwasse verhoudings en om uiting aan hulle emosies te gee op 'n beheersde wyse. Dis 'n taak wat God aan elke ouer toevertrou het!

### STAP 5. BID.

### REAKSIE

MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in Efesiërs 6:1-4.

(Reageer in jou gebed op wat jy persoonlik in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om net een of twee sinne te bid. Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDER MENSE
---	------------------	--------------------------------------

*Gaan voort om te bid* in groepies van twee of drie. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (20 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE LES
---	---------------------------	------------------------------------

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groepslede dit uitskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie van Efesiërs 6:1-4 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Romeine 9 - 12. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. Memoriserings. Oordink die nuwe Bybelvers en leer dit uit jou kop. (5) Getuig. Matteüs 10:32. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Sluit die notas oor aanbidding, stiltetyd, memoriserings, Bybelstudie en hierdie voorbereiding in.